***Julle is die sout vir die aarde...***

***Julle is die lig vir die wêreld.***

Watter verskille is in die twee opdragte opgesluit? _____

2 Korintiërs 4:6 _____

Vir iets om 'n verandering in sy omgewing te bring moet radikaal anders as daardie omgewing wees. Hoe is jy anders as die wereld? _____

_____

Die saligspreking van Matteus 5:3-13 lei tot die verantwoordelikheid van Matteus 5:13-16. _____

Die gevaar van mislukking.

Praat ons hier van gelowiges wat hulle geloof verloor het? _____

Wat is jou opdrag volgens Matteus 5:16? _____

1 Korintiërs 9:27 _____

Wat as jy nie genoeg lig produseer nie? _____

Waarom moet jy sout en lig wees? (:16)

_____

Kolossense 1:9, 10 _____



**Mens tot mens**

Julle kleingroep bestaan uitsluitlik om sout en om lig vir die wêreld te wees. Hoe kan julle mekaar help om hierdie opdrag suksesvol uit te voer.

Ondersteun mekaar en bid vir mekaar dat julle hierdie groot opdrag suksesvol sal uitvoer in die week wat kom


Kerkstraat 24B (Walter Sisulu)
Posbus 101
Middelburg

Telefoon: +27(13)2827153
Faks: +27(13)2827153
E-pos: kantoor@witkerk.co.za


*'n Biddende gemeente wat haar verdiep in God se Woord*

# Julle is die sout en die lig vir die wêreld

Nederduitste
Gereformeerde Gemeente
Middelburg



## Mens tot mens

Maak seker dat almal in die groep mekaar se name ken. Verwelkom nuwe lede.

Gesels met mekaar oor die persoon wat die grootste invloed in jou lewe uitgeoefen het.



## Mens tot God

Sing lied 205:1 en 2

Bring lof aan die Vader, verheerlik die Seun,
vir liefde, genade, verlossing en steun -
dat elkeen wat glo nie verlore mag gaan
maar ewig voor Hom as verloste kan staan.

Loof die Heer, loof die Heer! Sing, gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer! Prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade ons sondes versoen
dat ons Hom vrymoedig ons Vader kan noem.

2. Ons lof aan die Skepper wat altyd getrou
sy kerk hier bewaar, dit vernuwe en bou;
ons bly inspireer en ons stuur deur sy Gees
om sout en om lig vir die wêreld te wees.
Refrein



## God tot mens

Matteus5:13-16 (Boodskap) "Julle is sout wat smaak moet gee aan hierdie smaaklose wêreld waarin almal in sonde leef. As julle dit nie doen nie, beteken julle net mooi niks vir God nie. Dan kan Hy julle net sowel op die ashoop weggooi."Julle is 'n lig vir die donker wêreld rondom julle. Almal moet kan sien dat julle glo. "Julle geloof moet net so sigbaar wees soos 'n stad wat hoog bo-op 'n berg gebou is. "Geen mens sit 'n lig aan en gaan steek dit dan onder 'n bed weg nie. Nee, 'n lig word in die middel van 'n vertrek neergesit sodat almal kan sien wat om hulle aangaan. Dit is presies wat julle ook moet doen. Moenie iewers in die donker gaan wegkruip nie. Julle moet soos 'n lig in hierdie pikdonker wêreld skyn. Ander mense moet uit julle woorde en dade sien dat julle God van harte dien. Dan sal hulle sê dat God regtig 'n groot en goeie God is. So word julle hemelse Vader se Naam regtig grootgemaak."

Wanneer ons die saligsprekinge van Matteus 5:3-12 uitleef sal ons invloed op ander mense uitoefen.

Waarom lewe jy in hierdie wêreld?

_____

2 Korintiërs 2:14-16 _____

2 Korintiërs 5:18, 19 _____

1 Petrus 2:9 _____

Jy kan slegs invloed op die wêreld uitoefen as jy radikaal anders is as hulle. _____

Waarom is dit nodig dat ons die wêreld beïnvloed? Genesis 6:5, 6

2Timoteus 3:13 _____

Johannes 3:19-21 _____

Hoe verstaan jy God se plan met die wêreld? _____

**Jy is God se plan vir die wêreld!**

Wat jy is, is belangriker as wat jy doen! 2 Korintiërs 5:17 _____